News24 | Die Burger | Volksblad | Beeld | Sake24 | Jou Geldsake | LitNet | KykNet | Streekkoerante | NetAfrikaans

**Lotto nuusbrief**
Kry die Lotto-uitslae elke Woensdag en Saterdag per e-pos! Kliek hier om in te teken.

Rapport
ONS PRAAT JOU TAAL

**Toer saam met Bokke**
Wen 'n reis na Engeland en sien die Bokke op Twickenham.

Sondag 27 Julie 2008

SOEK Webwerf Argiewe Web Soek

**Voorblad**
Meer Nuus
**Algemeen**
**Sport**
**Sake**
Nuusfokus
**Mandela90**
**Olimpiese Spele**
Kommentaar
**Hoofartikels**
**Rubrieke**
**Briewe**
Invoegsels
**Perspektief**
**Tydskrif**
**Motors**
Streeknuus
**Gauteng-Rapport**
**Kaap-Rapport**
Multimedia
**Video**
**Klank**
**Fotogalerye**
Blogs
**Redaksieblogs**
Allerlei
**Lotto**
**Nuusbriewe**
**Gewildste Stories**
**Musiekblitz**
**Loopbane24**
Staatsdiensnuus
**Spaarmaand**
Stalmaats
City Press
Sondag

Weer

| | min | maks |
|---|---|---|
| Bfn | 0°C | 17°C |
| Kpstd | 11°C | 17°C |
| Dbn | 13°C | 23°C |
| Jhb | 4°C | 20°C |

Meer oor Rapport
Wie is ons
Adverteer
Kontak ons
Briewe vir publikasie
Ombudsman
Stuur jou video
Teken in
Argiewe
Bestel foto's

26/07/2008 15:04 - (SA)

# Mynbou ver agter met getal vroue in top-poste

**Helen Ueckermann**

Die mynboubedryf is ver agter die nywerheidsgemiddelde wat betref vroue in topbestuur, en die aantal gekwalifiseerde ingenieurs wat jaarliks deur tersiêre instellings gelewer word is nie genoeg om die sektor se groeidoelwitte te verwesenlik nie.

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend



Me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van die personeelgroep Landelahni Business Lead?ers.

Daar moet ook in die volgende vier jaar jaarliks minstens 12 500 vakmanne opgelei word om in die sektor se behoeftes te voorsien.

Me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van die personeelgroep Landelahni Business Lead?ers, het die afgelope week gesê mynbou word grootliks oorheers deur manlike personeellede met 'n groot deel van die bedrywighede in afgeleë gebiede.

"Dit het beslis 'n invloed op die aantal vroue wat hulle in die sektor vestig.

"Dit is ook die rede waarom weinig vroue aangetref word in tegniese en ingenieursberoepe in ander sektore," sê Burmeister.

Landelahni het die afgelope week die bevindings van 'n navorsingsverslag oor vaardigheidstekorte in die mynboubedryf deur die groep bekend gemaak.

Luidens die verslag het vroue in topbestuursposte in die mynbousektor tussen 2001 en 2006 toegeneem van 0,01% tot 9,3%, en vroue in senior bestuur van 0,03% tot 10,1%.

Vroue in middelbestuur het toegeneem van 5,4% tot 18,3%.

"Wat bemoedigend is, is dat meer as 80% van vroue en swart werknemers in die sektor voorheen in mensehulpbronafdelings, finansies, bemarking en ander ondersteunende rolle gewerk het.

"Dié persentasie het nou tot 65% gedaal."

Burmeister sê dit is onmoontlik vir die mynbousektor om sy groeidoelwitte te haal met slegs 428 nuwe gegradueerdes per jaar.

"Net 11,5% van alle studente wat hulle vir ingenieurswese as studierigting ingeskryf het, kon tussen 1998 en 2006 daarin slaag om 'n graad te verwerf.

"Waar sowat 304 240 studente hulle dus ingeskryf het, het slegs 35 511 uiteindelik as ingenieurs gekwalifiseer."

Burmeister sê die getal studente wat hulle spesifiek as mynbou-ingenieurs wil bekwaam, is nog veel laer.

Slegs 337 mynbou-ingenieurs het in 2003 gegradueer, en 428 in 2006.

Altesame 165 metallurgiese ingenieurs het in 2003 gekwalifiseer en 263 in 2006.

"Daar is tans 14 234 professionele ingenieurs in alle dissiplines by die Suid-Afrikaanse Ingenieursraad geregistreer, 1 100 minder as 10 jaar gelede.

"Daar was verlede jaar 'n drastiese toename van 2 438 in re-gis?trasies in alle ingenieurskategorieë, onder wie 1 188 swart ingenieurs.

"Dit is verblydend omdat dit dui op 'n pypleiding van ingenieurs wat na vore tree," sê Burmeister.

Die registrasie van professionele ingenieurs is egter nog stadig, met slegs 342 wat verlede jaar geregistreer het, van wie 221 wit was.

"Slegs 'n klein persentasie geregistreerde ingenieurs werk in die mynboubedryf," sê Burmeister.

Sy het ook uitgelig dat daar oor die volgende vier jaar jaarliks sowat 12 500 ambagsmanne opgelei moet word om in die vraag te voorsien.

Slegs sowat 434 ambagsmanne wat in mynbouverwante vaardighede spesialiseer,

**Vind**
Stuur jou video
Afrikaanse boeke
Internasionale Lotto
Rapport-foto's
Werkgeleenthede

**Stem**
Sal mnr Zuma 'n beter leier as pres Mbeki wees?
Ja
Nee
Ja, maar dis nie moeilik nie
Stem
Resultate
Vorige Resultate

**Vind ou vriende**
**Kies jou skool se provinsie**
Kies
**en klik op die eerste letter van jou skool**
A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou **GRATIS** advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP

Ontmoet vrouens in Pta
Ons groep bymekaar komste die beste manier vir vriendskap en meer
www.singlesevents.co.za

Mercedes-Benz Pre-Owned
Deursoek ons SA databasis vir gehalte Mercedes-Benz voertuie
preowned.mercedes-ben

kwalifiseer tans jaarliks.

-- Top stories in hierdie kategorie --

Rapport

PROMOSIE

**Tomb Raider**
Ontdek jou innerlike avonturier en sluit by Lara Croft aan vir 'n vermaaklike soektog na legendariese skatte. Binne die antieke wonderwereld van hierdie "5 reel 15 payline" slot masjien, aangebied deur Piggs Peak, mag jy dalk net verrras word met ongelooflike pryse wat jou asem sal wegslaan! **Kliek hier**

**Bespaar NOU met OUTsurance!**
Kommer die stygende rentekoerse jou? **Bespaar** tot en met **25%** op jou **versekeringspremie. Kliek hier** vir 'n gratis kwotasie.

**Gratis R100 Internet Kasino-Bonus om jou geluk mee te beproef**
Het jy geweet dat jy als die opwinding van dobbel en groot boerpotte wen uit die gemak van jou huis kan geniet? Aanlyndobbel is die nuwe gonswoord. As jy dit nie doen nie is jy uit pas met die res. Geen deposito is betaalbaar om toegang tot die beste in aanlyndobbeltegnologie te kry nie.KLIEK HIER

Laaik.it

Kry Rapport op jou Facebook-profiel

Kliek hier vir groot afslag as jy inteken op Rapport!